



Ligdraer

Gereformeerde Kerk Ontdekkers

10 November 2019

Oggenddiens 9H30

Aanddiens 18H00

Hartlik welkom aan elkeen vanoggend by ons ontmoeting met die Here

Ons, as bruidskerk van Christus, verkondig Christus deur die diepgaande kennis van die Skrif en die Belydenisgeskrifte.

Ons nooi almal vriendelik uit om na afloop van die erediens saam met ons 'n koppie tee/koffie te geniet.



Kleuterbediening tydens oggenddiens:

Al ons maatjies (3 – 7 jaar)

baie geluk aan almal wat gedurende die maand verjaar.

Bybelstudie:

Maandae: 19H00

Dinsdae 9H00: **Aan huis van Lucia Erasmus**

Woensdae: 8H30

Jong volwassenes: Evert & Cherése
Kleynhans



Kontakbesonderhede van Ontdekkersgemeente:

Skakel ons!

011 672 3810



Stuur e-pos!



info@ontdekkers.org.za



www.ontdekkers.org.za

Besoek ons webbladsy



“LIKE” & “SHARE”

Gereformeerde Kerk Ontdekkers

Selfoonnommer: 060 342 3316

Die afgelope paar maande wat ek na my ma moes omsien het my wyser, ouer en gryser gemaak. Ek wou soms skree, ek wou nie aanvaar dat my ma nie haar pille wil drink nie, dat sy nie haar gehoorapparaat wil gebruik nie, ek voel dan al soos 'n papegaai wat alles 3x moet herhaal, sy loop elke keer wat ek haar sien net krommer en stadiger. Ons stap vyf tree en rus vir 10 minute. Ek het die volgende raak gelees, die persoon wat dit geskryf het is onbekend: ALLES SAL OKAY WEES, MA...

Dis okay, Ma... as Ma lank vat om die presiese bedrag by die betaalpunt uit Ma se verslete banksakkie in Ma se beursie uit te haal - ek sal geduldig wag...

As Ma kwart oor 6 wil aandete hê, dan reël ek dit vir Ma - dis okay.

As Ma vir my 100x vra wat is my lewensmaat se naam, sal ek Ma 100x reghelp... dis okay, Ma.

As Ma vir my goed oor en oor vertel, sal ek elke keer maak of dit die eerste keer is dat ek dit hoor... dis okay, Ma.

As Ma per ongeluk glase van die tafel afstamp en breek omdat dit aan die kant gestaan het van die oog wat nie kan sien nie... dis okay, Ma - ons vervang dit; niemand sal vir Ma kwaad wees nie.

As Ma goed soek en my roep om te kom help en ek kry dit waar Ma gesê het Ma het dit gesit... dis okay Ma, ek weet Ma sien sleg.

As Ma nie meer lekker kan hoor wat ek sê nie, leun ek nader aan Ma se oor, praat bietjie harder, en sluit Ma in by die gesprek. Dis okay, Ma.

As Ma moeg raak ná net 'n paar treë se loop in die mall... dis okay Ma, ons reël vir Ma 'n rolstoel - geen moeite.

As Ma klere vol vetkollie terug hang in die kas en sê dis skoon, was ek dit vir Ma, want Ma kan dit nie sien nie... dis okay, Ma.

Ek kry Ma waar Ma sit en 'n lysie maak vir Kersfees; elke kind en kleinkind se naam neergeskryf met 'n bedrag langsaan - en ek loop om die sakrekenaar te gaan haal om vir Ma te help optel hoeveel geld Ma moet trek..... en Ma sê "Dis okay, ek het reeds die totaal!" Dan weet ek Ma is nog okay.

As Ma praat van geliefdes wat lank reeds dood is asof hulle net nou die dag nog hier was, deel ek graag hul herinneringe met Ma... dis okay, Ma.

As Ma bewerige/skewe potloodstrepe trek waar Ma se wenkbroue eens was, sal ek niks sê nie. Ma staan nou al elke oggend nader met 'n bolletjie watte, want Ma weet ek sal dit vir Ma mooi uitskakeer... dis okay, Ma.

As daar 'n druppel aan Ma se neus hang en Ma kom dit nie agter nie, sal ek elke keer vir Ma 'n tissue aandra... dis okay, Ma.

As Ma rêrig lank vat om klaar te eet, te stort of aan te trek... dis okay, Ma.

As Ma bang is Ma gaan val - ek sal altyd langs Ma wees... dis okay, Ma.

Vergewe en vergeet wat jou ma of pa in jou oë verkeerd gedoen of gesê het - ons almal maak foute, niemand is perfek nie.

Onthou net: Jy word ook oud, en ek beskou dit as 'n absolute voorreg .

Lief vir Ma altyd.

Ons verwelkom ds. **Koos Mouton** wat die oggenddiens sal lei en ds. **Dirk van't Zand** wat die aanddiens sal lei. Ons dra hierdie broers aan die genade van die Here op en dat Hy hulle bediening sal seën.


Ons jaarlikse kerssangdiens vind op 24 November 2019 plaas. Almal is baie welkom om dit by te woon.

Dink asseblief in julle gebede aan:

- ❖ **Bob Becker** wat die afgelope week 'n operasie ondergaan het. Hy sterk tuis aan.
- ❖ **Petra van der Merwe** wat die afgelope week toetse ondergaan het.
- ❖ **Bets de Klerk** wat in die hospitaal is.
- ❖ **Martie van Zyl** bedank almal wat haar tydens Pieter se siekte en afsterwe bygestaan het. Elkeen se gebede, whatsapp & sms boodskappies, sy waardeer elkeen se omgee en liefde.
- Ons dames het verlede jaar vir klein koekies gevra en ons het dosyne koekies gekry en dit het ons in staat gestel om vir elke senior lidmaat 'n pakkie koekies vir Kersfees te kon gee. Hierdie jaar wil ons graag weer vir elke senior lidmaat 'n pakkie koekies gee. Die koekies kan vanaf 25 November by die kerkkantoor afgegee word en almal is welkom om ons op Saterdag, 30 November te kom help pakkies maak.
- Is daar lidmate wat die organisering van “Dump Side Ministries” sal behartig? Ons gemeente is die afgelope paar jaar betrokke by die uitdeling van ± 350 borde kos op Kersdag. Die verpakkings sal soos in die verlede by die kerk beskikbaar wees. Elkeen kan soveel borde neem as wat hy kan en Kersoggend sal Mike dit kom haal. Met die donasies wat ons ontvang koop ons groente en vleis en maak kos en vul ook 'n paar borde. Indien daar lidmate is wat saam met Mike en sy familie die borde wil gaan uitdeel sal hy dit verwelkom. Dit neem so 2 ure. Daar is baie kindertjies en elke jaar ontvang hulle 'n pakkie lekkergoed, indien jy 'n pakkie lekkergoed wil skenk sal ons dit waardeer. Die lekkergoed pakkies sal ook op 30 November gepak word.
- Indien daar 'n onderwerp is waaroor jy graag wil hê dat Hendrik moet preek, kan die voorstelle in die houtkissies by die deure geplaas word.
- Lizette Hennop het 'n self help vakansiewoonstel by St Michaels on Sea. Die woonstel is vir 4 persone ingerig en is vanaf 13 – 20 Desember 2019 vir R 7 000 /dag beskikbaar. Loop afstand van die see, (2 minute), skoonmaak-

dienste, Putt putt en nog vele meer. Kontak Lizette 082 930 9283 sou jy belangstel.

- Indien daar lidmate is wat in 2020 by 'n diensgroep wil inskakel sal ons dit waardeer. Die diensgroepe is as volg: blomme vir elke Sondag in die kerk, help met vervoer van lidmate wat nie Sondag kerk toe kan kom nie, die tel van die kollekte gedurende die week, oordenkings by Ons Huis Sentrum vir bejaardes. Die lysie is in die saal beskikbaar. Baie dankie vir elkeen se hulp en bydrae.
- Indien jy een van die gelukkiges is wat volgende jaar gaan studeer dan is hierdie inligting vir jou. Eerstejaarskampe wat bygewoon kan word is Stellenbosch, die GK Die Bult, die GK Cachet, Bloemfontein en in Pretoria. Die inligting is in die kantoor beskikbaar.



Sinodale Deputate Diakonale Sake
Ingelyfde maatskappy kragtens Art 21 van die
Maatskappywet
NPO verw: 036-927
PBO No 930004788

31 OKTOBER 2019

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geagte Voorsitter

DROOGTEHULP IN DIE NOORD-KAAP

Soos u bewus is heers daar 'n erge droogte in groot dele van die Noord-Kaap. Ten spyte van die omvang van die droogte is die Noord-Kaap nog nie as ramp gebied verklaar nie. Die hulp wat die regering aangebied het is was so gering dat dit geen wesenlike verskil of verligting te weeg gebring het nie.

'n Afvaardiging van SDDS het groot dele in die Noord-Kaap fisies gaan besoek om met gemeentes en boere in daardie gebiede kontak te maak, ten einde vas te stel op welke wyse die kerke kan help.

Die hulp wat dringend benodig word kan in twee komponente verdeel word:

- Plaas (water, voer, brandstof, arbeiders...)
- Huis (kos, klere, skoolgelde, brandstof, krag...)

Die impak van die droogte is so geweldig dat boere gedwing was om die meeste van hulle vee teen baie lae pryse te verkoop. Die bietjie vee wat oor is word tans byna voluit gevoer om hulle aan die lewe te hou. Baie van hierdie vee is in 'n swak

kondisie en moet verder gevoer en afgerond word voordat die diere verkoop kan word. Hiervoor het die boere kragvoer nodig wat duur en skaars geword het. As gevolg van die hoë koste van vervoer is dit egter goedkoper om kragvoer te vervoer as groot massas droë voer. Skenkings van droë sal egter nie afgewys word nie en sal aangewend word.

Die dringender nood lê egter by die huis. As gevolg van die langdurige droogte is baie van die boere se kontantvloei totaal uitgeput. Dit raak 'n stryd om kinders op skool en in die koshuis te hou. Die afstande wat baie van hierdie boere moet aflê om hulle kinders by goeie skole te kry raak ook te groot en baie moes noodgedwonge hulle kinders uit dié skole haal omdat die uitgawes aan vervoer en losies nie meer bygebring kan word nie.

Graag deel ons ook die vreugdes met u. Ondanks die omstandighede heers daar 'n moedigheid en kameraadskap. Dit het ons nederig gemaak om te sien hoe dankbaar hierdie boere in die Here is. Dankbaar vir die voer wat geskenk word, dankbaar vir elke besoek, dankbaar vir al die gebede. Op elke dorp en plaas wat ons besoek het is ons hartlik ontvang. Ons het gegaan om te bemoedig, maar het self bemoedigend daar weggegaan.

Dit is vir ons verblydend om te kon opmerk dat die fondse wat ons reeds beskikbaar gestel het met groot sorgvuldigheid beheer en met wysheid bestee word. Die nood is werklik groot en dringend. Wees verseker dat elke bietjie hulp, hoe gering dit ookal mag wees, werklik 'n impak het.

U word vriendelik versoek om die nood in u gemeente bekend te maak met die versoek aan lidmate om aan die noodlydendes in die Noord-Kaap in hul gebede te dink.

Waar lidmate dit in hulle harte vind om ook 'n bydrae te maak om die nood te verlig, versoek ons vriendelik dat diakonieë enige bydraes na die volgende rekening sal oorplaas:

ABSA

Rekeningnaam: SDDS

Rekeningnommer: 3330141750

Takkode: 632005

Verwysing: Droogtehulp

Ons is ook bewus dat kerkrade en diakonieë hulp direk na noodlydendes stuur waarvoor ons baie dankbaar is. Ter wille van koördinasie versoek ons dat hulp deur die SDDS gekanaliseer word. Dit sal verseker dat hulp so wyd as moontlik versprei word.

U broeder in Christus

Ds Fritz Potgieter

Voorsitter: SDDS



PREEKSKETS: Joël 2:21-32

Kan jy nog droom oor die toekoms? Lewe jy van hoop ... of wanhoop? Mense wat nie meer drome kan droom nie, is eintlik sterwend ... besig om hoop te verloor en dood te gaan. Waaroor droom jy vir die toekoms? 'n Beter betrekking met 'n groter salaris? Om met finansiële gemoedsrus te kan aftree. Dalk belangriker: hoe sien jy die toekoms van ons land en sy mense? En watter wêreld laat ons ons kinders en kleinkinders na? Ons hoor waarskuwings dat ons besig om ons planeet uit te put.

Die boek Joël skilder nie vir ons 'n rooskleurige prentjie van hoe dinge in die skrywer se tyd was nie. Ons lees van springkane wat alles opvreet, hongersnood, oorlog wat verdere vernietiging bring. Dit laat die Naam van die Here skade ly. En dit kom van God af! (Joël 1:15). Almal word deur vrees lamgelê (2:10).

Dis wel nie soos die boek Joël eindig nie. Die Here vra dat die volk (mense) met hulle hele hart sal terugkom na die Here (2:12-14,17). Dat sy Naam nie deur die heidene bespot sal word nie. Hy gryp in. Hy sorg dat daar genoeg is om te eet ... en dat Israel as volk herstel word (2:26).

Was Israel se berou en terugkeer opreg? Is dit nie maar krokodiltrane nie? Sal dieselfde sondes nie maar weer gepleeg word nie? In Joël 2: 21 - 31 gee die Here beloftes van voorspoed, seën, redding. Maar, en dis 'n groot maar, dit moet blywend wees. Die vrugte wat pas by die bekering, moet gedra word. Die seuns en dogters moet (sal) iets van die toekoms verwag. Selfs die senior burgers, wat die maklikste in wanhoop kan verval, moet (sal) drome droom oor die manier waarop die bekeerde gemeenskap nou sal lewe. Hierdie hoop word deur alle mense gedeel, omdat die Heilige Gees uitgestort (sal) word op alle vlees (mense). Dit alles is een groot stuk genade. Dis eers as die Gees van God oor 'n mens kom dat jy in staat is om met hoop te lewe. Hoop, selfs te midde van soveel onheil, verkeerde dinge in ons dag ... Dit gebeur volledig by die wederkoms van Christus, maar reeds nou al kan die deurwerking van die bouse gekeer word, daar ... waar die Naam van die Here aangeroep word. Want die Here belowe dat die reëns betyds sal kom en dat die dorsvloer vol koring lê. (2:23, 24). Hierdie woorde word deur Petrus aangehaal in sy preek op die Pinksterdag in Handeling 2:16-21, om te sê dat dit die

gevolge is van die uitstorting van die Heilige Gees. Wie die Heilige Gees ontvang sal ook droom oor 'n nuwe toekoms wat van God kom!

Kyk Hy kom ... kan jy al sy naderende voetstappe hoor? Daardie dag sal daar volop wyn wees op die berge (3:18). Glo jy dit?

Die Here is naby dié wat Hom aanroep. En dan sal julle beseft dat Ek die Here God is, en dat daar buiten My nie 'n ander is nie (2:27). En elkeen wat die Naam van die Here aanroep sal gered word (2:32).



Preekskets: 2 Konings 7:9

Die wêreld is honger – ons het oorvloed



Honger dryf mense na vreemde, vieslike en desperate optredes. Dit wys die gedeelte wat ons vanoggend gelees het, baie duidelik aan ons.

Die diepste en werklike honger, is die honger na God. Elke mens het 'n leegte in sy binneste wat net deur God gevul kan word. Vandag word ons dikwels geskok deur die dinge wat mense doen. Die diepste rede lê in hulle honger na God... en

ons weet waar die oorvloed kos is!

In die gedeelte lees ons van die melaatses wat 'n kans gevat het. Miskien, wie weet sou hulle kos kry. Ons het nie nodig om 'n kans te vat nie. Jesus het gesê: "Ek is die brood van die lewe." Daar is nie 'n miskien nie, daar is die groot sekerheid van sy Goddelike belofte.

Ons hoef nie teen die muur te sit met ons hongerpyn nie. Die pad na die Goddelike Bron van geestelike oorvloed is vir ons oop.

En as ons versadig is met God, met die oorvloed van die Woord, moet ons doen wat reg is. Ons moet dit oorvertel. As ons dit nie doen nie, dan doen ons nie reg nie.

Ons doen nie reg teenoor God nie, want Hy wil ons gebruik om die boodskap te stuur. Dit is nie 'n moeilike ingewikkelde boodskap nie. Die eenvoudige boodskap aan 'n honger wêreld: Jesus is die brood van die lewe.

Ons doen nie reg teenoor ons naaste nie. God se deernis en liefde vir die wêreld moet ons deernis en liefde word. Wat is meer liefdevol as om iemand by Jesus te bring!

Ons doen nie reg aan onself as ons net die rykdom van die genade verorber, wegsteek en begrawe nie. Ons berokken geestelike skade aan onself. Jesus sê mos dat dit saliger is om te gee as om te ontvang.

Mag ons die genade ontvang om reg te doen!

OGGENDDIENS

TEMA: Kan jy nog droom oor die toekoms?

Stemmingsliedere

Lied 528:1-3

Lied 353:2&3

Sb. 1-6:1&3

Ps. 107-1:1&3

Ontmoetingsdiens

Votum: Ps. 107:1&2&7&8

Seëngroet: Openbaring 1:4

Ps. 105-1:1&2

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Versoeningsdiens

Eksodus 20:1-17

Ps.25-1:3&2

Johannes 3:16-18

Woorddiens

Gebed

Ps. 119-1:6&7

Skriflesing: Joël 2:21-32

Antwoorddiens

Gebed

Sb. 8-2:3&5-7&9

Groetseën

Numeri 6:24-26

AMEN

Sb. 13-3

AANDDIENS

TEMA: Die wêreld is honger – ons het oorvloed

Stemmingsliedere

Ps. 67-2:1-3

Lied 253:1&2

Ontmoetingsdiens

Votum / Seëngroet

Lied 163

Ps. 63-2:1&2

Woorddiens

Gebed

Skriflesing: 2 Konings 6:24-7:20

Fokusvers: 2 Konings 7:9

Antwoorddiens

Gebed

Ps. 72-2:2&6

Groetseën

AMEN

Ps. 128-1:4